**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1345

JAARGANG XX — WOENSDAG 4 AUGUSTUS 1965 — NR. 8

# PERSBERIGTE OOR DIE A.S.B.

## *S.R.-Voorsitter lewer kommentaar*

**DIE denkende Afrikanerstudent is tot droefheid gestem deur die reaksie wat in sekere Afrikaanse koerante gevolg het na afloop van die A.S.B.-Kongres, het mnr. Fanie du Plessis, S.R.-voorsitter van die P.U. en oud-hoofbestuurslid van die AS.B., in 'n onderhoud gesê.**

**Mnr. Du Plessis het gesê dat die berigte in die Engelstalige koerante verskoon kan word omdat die skrywers heelwaarskynlik betaal word om stelling teen die A.S.B. in te neem. Hy het verwys na die berig in die Sunday Times waarin die A.S.B.-Kongresgangers as 'n „bedeesde, bang en oningeligte groepie jongmense" beskryf is. Die woorde bejeën die Afrikanerstudent met die agting wat dit verdien, het hy gesê.**

„Ons eie Afrikaanse koerante se houding jeens die Kongres was egter alles behalwe een van ondersteuning en aanmoediging omdat ons kan aanneem dat hulle nie in beginsel teen die A.S.B. is nie", het mnr. Du Plessis gesê.

**MAAK SEER**

„As Neels Natte (Die Transvaler 9/7/65) die A.S.B. beskuldig dat hy te ver na regs gaan net omdat Nusas te ver na links oorhel, en stagnante denke en „geykte mode woorde" aan die Kongres toeskryf, is hy besig om die A.S.B. seer te maak."

Volgens mnr. Du Plessis spruit die hartseer nie uit die waarheid van sy stellinge nie, maar omdat dit ongegronde, onverwagse en venynige houe is wat kom van ieman dwat die A.S.B. as 'n vriend beskou.

„By implikasie word die A.S.B. in die hoofartikel van Die Burger (20/7/65) daarvan beskuldig dat daar tydens die Kongres te min „verskeidenheid" van denke was, dat dit net 'n klein klompie ekstrimiste is wat Kongres hou en les bes, dat daar te min opstand teen ons erfenisse is".

„Is dit nie die eienskappe van 'n studentegemeenskap met 'n liberalistiese inslag nie", het mnr. Du Plessis gevra.

Dit is nie vir mnr. Du Plessis duidelik wat die Afrikaanse koerante van die A.S.B. verwag nie. Indien hulle wil hê dat die strydbyl tussen die A.S.B. en Nusas begrawe moet word, hoekom is hulle dan nie konsekwent en versoek dr. Verwoerd en die Nasionale Party om nader aan die Progressiewe Party te kom nie.

**ENIGSTE TUISTE**

Mnr. Du Plessis het gesê hy glo die A.S.B. is die enigste tuiste van die Christen Afrikanerstudent en daarom sal die P.U. sy lidmaatskap voortsit nieteenstaande die gebrek" aan 'n opstand teen ons erfenisse", 'n gebrek aan 'n verskeidenheid van denke en 'n chroniese „antisiekte" nie.

Mnr. Du Plessis het dit beklemtoon dat die P.U. vir C.H.O. en die A.S.B. ultra-regs sal bly.



**„Nou toe nou!!", dit was blykbaar die woorde van mej. Santie du Bruyn se vriende, mejj. Riana du Plessis en Marriana Louw, toe hulle na die Puk se bus kom kyk het waarmee Alabama die afgelope vakansie getoer het. Op Rustenburg het mej. Du Bruyn en haar toermaats onder diewe deurgeloop toe by die R400 se waarde uit die bus gesteel is.**

**Volgens die toerleier, mnr. Coenie Nel, is klerasie, geld en kameras gesteel en is daar tot op datum nog niks terug gevind nie.**

## Kafeteria

**'n Belangrike afkondiging vir alle Pukke is dat die Kafeteria in die toekoms op Vrydag tot 10 nm. en Saterdae tot 11.15 nm. oop sal wees.**



**MNR. ROELF DU PLESSIS**
Foto: Fotokuns

## Drie Pukke op Hoofbestuur van A.S.B.

**Drie studente van die P.U. is tydens die kongres van die A.S.B. tot die liggaam se hoofbestuur verkies.**

**Hulle is mnre. Roelf du Plessis (direkteur vir studie en navorsing), Kobie van der Walt (direkteur vir toere) en Arrie de Beer (direkteur vir publikasies).**

**Dit is mnr. Van der Walt se tweede termyn op die hoofbestuur.**

## MIN. VORSTER VOOR A.S.B.

**Die Minister van Justisie, adv. John Vorster, het gisteraand 'n toespraak voor die A. S. B.-tak van die P.U. gehou.**

**Aangesien Die Wapad reeds Woensdagoggend ter perse moes gaan sal 'n verslag van die toespraak in die volgende uitgawe verskyn.**

## Mediese Fakulteit Ook In Natal Bepleit

**In 'n poging om die ernstige tekort aan geneeshere in Suid-Afrika te verlig, sal die Administrateur van Natal, mnr. T. Gerdener, by die Regering aansoek doen om die stigting van 'n mediese skool in Durban.**

Jaarliks wys die bestaande skole groot getalle voornemende studente af wat deur die skool opgeneem kan word. Op die oomblik is daar in die Republiek slegs drie geneeshere vir elke 10,000 inwoners.

Vroeër vanjaar is daar ook vertoë deur die Potchefstroomse Universiteit gerig vir die oprigting van 'n mediese fakulteit op Klerksdorp. Vir die doel het die stadsraad van Klerksdorp 'n groot aantal morge grond aan die Universiteit geskenk. Die hospitaal op Klerksdorp het ook sy heelhartige steun vir die beoogde fakulteit uitgespreek.

Tot op datum is daar nog niks verder met die planne gevorder nie aangesien die standpunt van die owerhede is om slegs die bestaande mediese fakulteite uit te brei.



**MNR. KOBIE VAN DER WALT**
*Foto: Fotokuns*

## NUSAS-LEDE VERSKIL OOR INTEGRASIE

**Botsende standpunte is deur die voorsitter en ondervoorsitter van Nusas oor 'n rassekwessie ingeneem op die onlangse kongres van dié liggaam.**

Die voorsitter, mnr. Maeder Osler, was ten gunste van 'n voorstel dat elke byeenkoms om geld in te samel wat deur Nusas gereël word, op 'n basis van integrasie moet geskied.

Mnr. Peter Mansfield, ondervoorsitter, het daarop gewys dat sekere Nusas-sentra wat deur die wet tot studente van een ras beperk is — hetsy blank of nieblank — dit moeilik sal vind om aan die voorstel uitvoering te gee. Dit mag daartoe lei dat hierdie sentra nie aan Nusas se bedrywighede kan deelneem nie.

R. M. Kgosane, van die Teologiese skool op Alice het Nusas as 'n „klomp stommerikke" bestempel.

„Ons het 'n halwe nag sit en praat oor hierdie geskil. Wanneer gaan ons die ou hout uitsny?

## NA FRANKRYK VIR STUDIE

Mnr. M. J. H. du Plessis, dosent in Latyn aan die P.U, vertrek aan die einde Augustus na Frankryk, waar hy drie jaar aan die Universiteit Montpellier aan 'n doktorsgraad in Frans sal werk.

Hy sal die eerste jaar as student aan die instituut vir Buitelandse studente vir 'n diploma in die Franse taal en kultuur inskryf, waarna hy aan dieselfde inrigting sy doktorale studie sal voorsit.

## Eksamen van S.R. Saterdag afgeneem

Die Studenteraad van die P.U. se handboekeksamen word Saterdag om 9 vm. in die Frans du Toitgebou afgeneem.

Persone wat belangstel moet met mnr. Paul Buys by die Studenteraadskantoor skakel.

## „Vrees op A.S.B.-kongres," sê Engelse koerant

VREES het die afgelope A.S.B.-kongres te Heidelberg oorheers volgens 'n berig in 'n Engelstalige Sondagkoerant na afloop van die kongres.

Volgens die politieke verslaggewer van die blad was die „kwaliteit van leierskap" by die kongres maar baie power. „Indien studenteleierskap 'n aanduiding is van 'n nasie se vooruitsigte om die uitdaging van 'n veranderende wêreld tegemoet te gaan, is die vooruitsigte van die Afrikanerdom nie rooskleurig nie."

Dit is volgens die verslaggewer 'n stil, bangerige en oningeligte groep jong mense wat „uit voeling is met realiteit en die probleme van die dag", wat hy in Heidelberg aangetref het.

● Tog jammer dat die blad se lesers nie self die kongres kon bywoon om die ware toedrag van sake te besef nie.
(Red. — D. W.)

## Gasprofessor vir Universiteite

'n Gesaghebbende op die gebied van administratiewe outomatisasie prof. Henri Johan van der Schroeff, hoogleraar aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, sal Vrydag in die Republiek aankom vir 'n kort besoek aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite. Prof. van der Schroeff sal vir ongeveer drie weke as gasprofessor by die P.U. optree.

# DEELNAME VAN P.U. AAN KUNSFEES PATETIES

**DIE DEELNAME van die studente van die Potchefstroomse Universiteit aan die A.S.B.-Kunsfees, wat die vakansie op Heidelberg gehou is, kan net as treurig en pateties beskryf word.**

Was dit nie vir die volkspele en sanggroep, asook ses individuele inskrywings en 'n inskrywing van 'n sekstet nie, sou die P.U. se bydrae tot hierdie jaarlikse kuns- en kultuurfees van Afrikaanse studente 'n ronde nul beloop het.

### PRAGTOTAAL

Die A.S.B. staan bekend as 'n kultuurorganisasie, en die kunsfees vorm 'n belangrike en integrale deel van die aksies tydens die jaarlikse byeenkoms. Aan die P.U. is daar tans by die 2,000 studente ingeskryf en van hierdie groot getal skryf net die volkspelelaer, ses persone vir die sekstet, twee persone vir die redenaarskompetisie, en vier persone stuur kleurskyfies en 'n skildery in. 'n Pragtotaal dus van: twee groepe, twee inskrywings vir vokaal en vier vir beeldende kunste.

**Wanneer 'n mens die kunsfeesprogram onder oë kry en die geweldige verskeidenheid van items sien, kan dit net nie begryp word wat van die studente van die P.U. geword het nie.**

### HANDJIEVOL

Die inskrywings van die handjievol wat wel deelgeneem het, word waardeer, maar wanneer in aanmerking geneem word dat nie een van die kleurskyfie of die skildery-inskrywing kon kwalifiseer of dat die sekstet of inskrywings vir die redenaarskompetisie naby eerste plek kon eindig nie, raak die prentjie nog donkerder. Alleen die volkspele met 'n tweede plek en die volkssang met 'n A-simbool kon die eer van kuns en kultuur die P.U. op hulle besondere gebied reg verleen.

Waar was die inskrywings vir toneel, musikaal, vokaal, instrumentaal, beeldende kunste ens. ens.??

**Studente aan die P.U. vir C.H.O. het geen verskoning vir hierdie swak deelname nie. Iewers moet 'n groot fout wees, 'n oorsaak vir hierdie slapgees onder mense wat talente ontvang het maar te lui of te „besig" is om dit op erkende wyse soos by die jaarlikse A.S.B.-Kunsfees tot uiting te bring. — Bedsa.**

# THALIA-TOER SUKSESVOL

Die Thalia-toer kan as 'n groot sukses beskryf word, het die voorsitter, mnr. Johan Breet in 'n onderhoud gesê.

Volgens mnr. Breet is 'n bedrag van oor die R2,100 ingesamel. Hiervan moet die onkostes nog afgetrek word.

Die opvoerings is oor die algemeen goed bygewoon en die toerlede het die toer terdeë geniet.




**Die plakkaat het tevergeefs saam met etlike ander op die Puk se campus gepryk. (Sien berig oor Puk se deelname aan Kunsfees).**

# KUNSGESELSIE

DIE film Debbie het teen die tyd dat dit begin draai het alreeds soveel publisiteit geniet dat die mense werklik oor mekaar val om na hierdie veelbesproke rolprent te gaan kyk. Veral die feit dat daar eers 'n ouderdomverbod op was, speel 'n belangrike rol in die angstigheid van die publiek om hierdie verhaal op die silwerdoek uitgebeeld te sien.

### RAAISEL

Eintlik bly die ouderdomsverbod op die film 'n raaisel. Presies waarom sou persone onder die ouderdom van een-en-twintig jaar nie toegelaat kon word om Debbie te sien nie? Kon dit miskien wees omdat die verhaal gebaseer is op die lewe van 'n jong meisie wat swanger raak voordat sy getroud is?

Indien dit so is, sou die verbod nog begryp kon word as diegene wat dit opgelê het geen benul van die strekking van die rolprent gehad het nie. Maar die feite is so eg menslik en byna eerbiedig uitgebeeld, so getrou aan die werklike lewe, dat daar absoluut niks afstootlik of walglik in die hele verhaal is nie.

En dan is die vraag nog of dit waar is dat die verbod slegs opgehef is omdat die vervaardiger geweier het om ooit weer enige Afrikaanse film te maak, en om geen ander rede nie . . .

Is ons Afrikanervolk nie oorsensitief in hul opvatting aangaande seks in kuns nie? Welliswaar is daar verskeie moderne kunstenaars — veral letterkundiges — wat hierdie saak uitbuit en ver-alledaags deur temas, wat andersins werklik aangrypend kon wees, daarom te sentreer. En dan nie om seks wat die heilige skoonheid is soos Christene dit ken nie maar om iets wat vir ons vreemd is, soms selfs afstootlik.

Tog moet ons nie uit die oog verloor dat die persone wat by baie van die besondere letterkundige werke betrokke is, hulle eie beginsels en sienswyses het, en nie daarvan afwyk nie — soms baie meer standvastig in hul eie sfeer is as wat baie sogenaamde beskaafde Christene is. —H. M.

● Die menings in die artikel uitgespreek is die van die skrywer en nie die van die Redaksie nie — Red. D. W.

# Kunsfeesuitslae van die P.U.

Die volksanggroep van die P.U. was die enigste groep Pukke wat 'n „A" behaal het op die A.S.B.-kunsfees wat die afgelope vakansie op Heidelberg gehou is.

(Die Puk is die enigste Universiteit waar so 'n groep reeds bestaan, en hulle is besonder trots op die feit dat hulle nie alleen die enigste Volksanggroep is nie, maar ook die besitters van 'n Volksangbundeltjie met bladmusiek is — ook die enigste van sy soort aan Suid-Afrikaanse universiteite).

Die Volkspelegroep het in die groepkompetisie 'n tweede plek na die Universiteit van Pretoria behaal.

In die Redenaarskompetisie het Arrie de Beer 'n tweede plek in die mansafdeling en 'n vierde in die gesamentlike kompetisie vir mans en dames gekry.

# Studente-Volkspelers Stig Nasionale Raad

**'n Ernstige behoefte in studentevolkspele gaan hopelik bevredig word. Tydens die afgelope A.S.B.-kunsfees op Heidelberg is die Nasionale Studenteraad vir Volksang en Volkspele gestig.**

„Hierdie raad kan nou studentevolkspele uitbou, organiseer en bevorder binne die spesifieke sfeer van die student," het die voorsitter, mnr. Nico van der Merwe, gesê.

Die bestaande Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele beskou studentelaers as gewone seniorlaers, en daar word van hulle verwag om aan die gewone eise vir seniorlaers te voldoen. In die praktyk is die karakter van die studentelaers egter anders, en is dit nie vir hulle moontlik om altyd alle verpligtinge na wense na te kom nie: hulle kan byvoorbeeld nie kursusse, leierskursusse en lenteskole bywoon nie, omdat vakansies en dié kursusse nie altyd ooreenstem of aanpas nie.

### OPTREE

Die N.S.R. gaan nou optree as 'n saamsnoerende liggaam wat as verteenwoordigend van die studentejeug kan optree, en ook hulle sake beplan soos dit aanpas by die omstandighede van die studente.

Die N.S.R. beoog ook spesiale studente- en leierskursusse, blitskursusse oor langnaweke en lenteskole op geleë tye.

Die voorsitter van die N.S.R. het ook sitting gekry op die Nasionale Raad.

'n Kongres sal elke jaar saam met die A.S.B.-kunsfees gehou word waar nuwe besture, onder andere verkies sal word.

Die huidige bestuur is as volg saamgestel: Voorsitter: Nico van der Merwe (P.U.), Ondervoorsitter: Kobus Bezuidenhout (Stellenbosch), Sekretaris: Theo Jooste (P.U.), en addisionele lede is Louisa de Villiers (Stellenbosch), Marius Greyling (U.P.), Johan Janse van Vuuren (P.O.K.) en Attie Besuidenhout (Stellenbosch).

# Alabama lewer goeie spel

„Met die besoek van die Alabama studentegeselskap van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het die inwoners van Kuruman die genot gesmaak van nog 'n stukkie hoogstaande kultuur."

Bostaande aanhaling uit die Kuruman Bulletin gee 'n goeie beeld van die sukses wat Alabama behaal het met hulle onlangse toer. Oral is goeie kritiek gehoor, en dis duidelik dat hierdie toergroep hulle besonder goed van hul taak gekwyt het.



**Vir die eerste keer het Thalia die jaar op toer gegaan met fotoborde wat in die voorportale van die sale waarin hulle opgetree het, aangebring is. Die fotos is deur Fotokuns geneem en sal te sien wees wanneer Thalia op 7 Augustus in die Totiussaal optree.**



**Eind goed alles goed!! Die Thalia-wintertoer is iets van die verlede en Gerrit Coetzee en toerleier, Johan Breet, pak nog vir oulaas 'n klompie tasse in.**


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

# KONFERENSIESAAL VAN TOEKOMS?



Met die oprigting van die Frans du Toitgebou het min studente seker kon dink dat die groot moderne lesingsale in vakans'e tye net so besig as in die semesters sal wees.

Op die oomblik wil dit voorkom of die gebou in die toekoms nog 'n konferensiesaal van faam gaan word. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was van die eerste instansies wat van die nuwe gebou gebruik gemaak het.

*Foto: Fotokuns*

## Stadsraad skenk geld

'n Bykomende bedrag van R40,000 sal vir die volgende tien jaar deur die Stadsraad van Potchefstroom periodiek aan die P.U. geskenk word. Tot dusver het die Universiteit jaarliks 'n bedrag vanR3,500 van die Stadsraad ontvang.

Die skenking sal vir uitbreiding aangewend word.

# Lesings Oor Bilharzia Oorsee

**Die man wat onlangs Suid-Afrikaners aan die praat gehad gehad het oor die voorkoms van bilharzia in die land se riviere en damme, prof. J. A. van Eeden, van die Potchefstroomse Universiteit, vertrek op 2 Augustus na Europa waar hy 'n internasionale malakologiese kongres in Kopenhagen, Denemarke sal bywoon.**

Prof. Van Eeden is hoof van die Departement Dierkunde van die Universiteit en 'n erkende deskundige op die gebied van bilharzia. Hy sal tydens die kongres 'n voorlesing oor die voorkoms van bilharziadraende varswaterslakke in Suid-Afrika lewer.

Prof. Van Eeden is onlangs ook benoem tot mede-redakteur van die internasionale malakologiese tydskrif. Hy sal na die kongres navorsingsinstitute in Nederland, Engeland, Swede en Finland besoek.

## LENINGS VIR 1966

P.U.-Studente wat lenings vir 1966 verlang, moet weer opnuut aansoek doen. Aansoekvorms is in kamer 27 van die Administrasiegebou verkrygbaar. Alle aansoeke moet by die Registrateur ingelewer wees voor of op 30 September 1965.

## P.U. help met proefneming

Die Universiteite van Potchefstroom, Pretoria en die Witwatersrand is besig met 'n eksperimentele matrikulasiestelsel ingevolge waarvan die finale skooleksamen afgeskaf word.

Die inligting is verstrek deur dr. A. L. Kotzee, professionele assistent van die departement, in die jongste uitgawe van die Onderwysblad.

Die Onderwysdepartement sal in samewerking met die universiteite se fakulteite van wysbegeerte, wetenskap en handel die universitêre loopbane van matrikulante volg wat die tweejaarkursus geslaag het, asook die wat volgens die ou stelse by die universiteite inskryf.

# Aptekers moet in toekoms weer beskeie vertoon

**Volgens berigte in die dagbladpers heers daar groot verdeeldheid onder die geledere van aptekers oor die besluit van die Aptekersraad verlede week in Durban dat advertensieborde buite apteke voortaan meer beskeie moet wees.**

Flitsende, helderkleurige en skerp beligte kennisgewing. en naamborde buite apteke sal vervang moet word en die letters op die borde mag nie groter as vyftien duim wees nie, lui die besluit van die raad.

### VAAG

Verskeie aptekerstudente wat in die verband deur Die Wapad genader is, het gesê dat die besluit wat betrekking het op meer besadigde advertensies 'n bietjie vaag is. Die gemiddelde apteker kan nie meer van die inkomste uit voorskrfte leef nie. Die apteker maak baie staat op ander verkope.

Mnr. G. Kepler, 'n aptekerstudent in sy finale jaar, het gesê dat 'n buislig in die geval van noodapteke byna 'n noodsaaklikheid is om aan die publiek te toon dat die apteek in die aand oop is. 'n Letter van vyftien duim hoog is groot genoeg om die aandag van die publiek te trek, het hy gesê.



**Prof. H. J. J. Bingle, Rektor van die P.U., in gesprek met dr. A. J. Roux, voorsitter van die Raad op Atoomkrag, tydens die sitting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se kongres in Julie aan die P.U. Dr. Roux het tydens die sitting die tuig as voorsitter van Akademie neergelê.**

*Foto: Fotokuns*

# Studentekoerante moet nie minagting koester vir Engelstaliges, sê Thompson

**„Dit is met 'n mate van spyt dat ek opmerk dat daar 'n neiging is om na die Opposisie te verwys as „die Engelse" en dat daar miskien met te veel klem gesê word dat Engelse studente en studenteblaaie nie deel is van die studenteliggaam in ons land nie."**

So het mnr. Blyth Thompson op 6 Julie by die Heidelbergse Onderwyskollege gesê toe hy die jaarlikse konferensie van die Afrikaanse Studentepersunie geopen het.

### POLITIEK

Mnr. Thompson, wat gepraat het oor Die Studentenuusblad en die politiek, het gesê dat daar 'n tyd was toe dit net die Afrikaner was wat bereid was om teen die stroom van Westerse denke te swem en dat die wêreld nou eers begin besef dat die Afrikaner nog al die tyd op die regte pad was.

### FOUT

„Dit sal 'n groot fout wees om minagting te koester vir alles wat Engels is. Soveel van die dinge wat Engels in oorsprong is, het bygedra tot die ontwikkeling van Suid-Afrika en ek sal graag sien dat hieraan erkenning gegee word in studenteblaaie." het mnr. Thompson gesê.

# MATIES EN TUKKIES UIT FEDERASIE

**Die Konserwatiewe Studenteverenigings van Stellenbosch en Pretoria het hulle op 23 Julie onttrek aan die Konserwatiewe Studentefederasie.**

Lidmaatskap van takke van dié studentevereniging aan sekere Engelstalige universiteite is oop vir nie-blankes.

### ONMOONTLIK

'n Voorstel, wat deur mnr. J. J. Brown van die Universiteit van Pretoria ingedien is, lui dat die verenigings van Stellenbosch en Pretora dié reëling afkeur en dat dit vir hulle onmoontlik maak om by die Federasie aan te sluit.

„Ons bekragtig die doelstellinge van die Konserwatiewe Studentefederasie en hoop dat die struikelblok spoedig uit die weg geruim sal word .sodat „volle lidmaatskap van die Federasie vir ons moontlik sal wees."

### NUSAS

Vroeër het die seminaar die besluit van Nusas om Martin Luther King te nooi om sy kongres volgende jaar te open, as 'n gebrek aan patriotisme en oordeel bestempel.

'n Voorstel wat eenparig aangeneem is, sê dat die seminaar geskok is deur die besef dat dr. King die ideale simboliseer, waartoe Nusas homself bereid verklaar om te veg.

● Die P.U. is nie op die seminaar verteenwoordig nie.

## Swak Afrikaans Betreur

Groot kommer oor die taalkundige versorging van studente se skriftelike werk is tydens die opening van die Potchefstroomse Onderwyskollege op 'n personeelvergadering deur mnr. J. C. Combrink, departementshoof vir Afrikaans, uitgespreek.

Volgens mnr. Combrink blyk dit dat daar 'n toenemende onvermoë by studente is om hulle gedagtes om te sit in duidelike gesistimatiseerde sinne. Daarby laat die spelling van woorde soms veel te wense oor.

## Genootskap bied weer 'n kursus

Die Transvaalse Genootskap van Rekenmeesters hou vanaf sewe tot tien September 'n waarderingskursus in Bestuursrekeningkunde in die F. du Toitgebou van die Potchefstroomse Universiteit.

# Navorser en tegnoloog van groot belang vir S.A. Nywerhede

**Die tyd het aangebreek dat Suid-Afrikaanse nywerhede al hoe meer op die Suid-Afrikaanse navorser en tegnoloog moet staatmaak, het dr. S. Meiring Naudè, president van die W.N.N.R., Dinsdag, 6 Julie tydens 'n opknappingskursus in Natuur- en Skeikunde aan die P.U. gesê.**

Hy het gepraat oor die rol wat die wetenskap in die ontwikkeling van Suid-Afrika speel en die bydrae wat die skole behoort te lewer.

### BEWYS

Dr. Naudè het gesê dat Sasol 'n treffende bewys is van die waarde van navorsing vir die nywerheid. Die nywerheid is op die natuurwetenskap gegrond en daarom word 'n eie navorsingsafdeling in stand gehou. Rondom Sasol het 'n magdom chemiese nywerhede ontstaan wat die raffinadery se neweprodukte verwerk. Sasol lewer 'n reusebydrae tot die belowende Suid-Afrikaanse chemiese nywerheid.

Met verwysing na die skole het dr. Naudè gesê dat die Republiek goeie wetenskaplikes benodig. Die magtigste werwingsbeamptes van die land is sy wetenskaponderwysers. Die wetenskaponderwyser se taak is veel wyer as net die onderwys. Afgesien van sy skoolpligte moet hy inspirasie, geesdrif en leiding gee en die ideale van die wetenskap bevorder.

SANLAM
*vir Beskerming*

MOOIRIVIER APTEEK
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
„Helena Rubenstein"
-Skoonheidsmiddels

I. GLASER
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

Ruikers vir alle geleenthede
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
Opberging
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

GROSVENOR
EN
GOUGH
MOTORS
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

die WAPAD
WOENSDAG 4 AUGUSTUS 1965

# Is dit ons erns?

KONGRESTYD is verby en die laaste skof na die eindeksamen lê voor. Dit sal miskien goed wees om hier aan die begin van die tweede semester en die aanvang van die termyn van die verkose hoofbesture van die twee groot Suid-Afrikaanse studente-organisasies, die A.S.B. en Nusas, 'n oomblik by die gebeure van die afgelope maand stil te staan.

Op die A.S.B.-kongres is die roepstem vir volk en vaderland weer sterk gehoor en is daar in nog sterker taal kritiek uitgespreek teen die individue of groepe wat die volkseie wil ondermyn. Deurmiddel van die A.S.B. is dit vir almal duidelik waar die Afrikaanse student staan. 'n Mens wonder soms net of alle studente aan Afrikaanse inrigtings vir hoër opvoeding dit erns maak met die A.S.B. en of die liggaam nie 'n spreekbuis geword het van hulle wat bereid is om te praat oor die sake wat die Afrikaner en sy land raak, terwyl die ander in beskermende stilswye verval het nie.

Getrou aan sy liberalistiese beginsels het Nusas sy kongres met 'n skemerkelkparty op Sondagaand 4 Julie begin. Die jaar se kongres het weer bewys dat Nusas skynbaar oor niks anders kan konfereer as oor die rassevraagstuk nie. Vir die soveelste maal is gelykstelling as oplossing vir die rassevraagstuk verkondig en het die kongres besluit om een van die grootste politieke agitators, dr. Martin Luther King, uit te nooi om volgende jaar se kongres te open.

Hoewel daar deur sekere van die nasionale koerante beweer is dat die A.S.B. se kongres meer blyke gegee het van die gebruik van geykte modewoorde as van beredeneerde denke oor aktuele landsake (Die Transvaler), deur oningeligte jong mense wat uit voeling met die res van die wêreld is (Sunday Times), is die teendeel beslis bewys.

Nogtans kan die kritiek van die koerante nie in die wind geslaan word nie. Ook Die Burger en News/Check het iets oor studentepolitiek te sê gehad. Eersgenoemde sê die heftigheid en die selfversekerdheid is albei daar, maar dit is alles so op een snaar. Verder, dat die wisselwerking van gedagtes beperk is tot 'n klein groepie werklik aktief belangstellendes en nie tot die werklike wisselwerking van gedagtes wat aan die universiteite plaas vind nie. News/Check sê weer dat die A.S.B. en Nusas soos twee tangodansers is, hoe meer Nusas na die linkerkant beweeg, hoe meer beweeg die A.S.B. outomaties na regs.

Die taak van die A.S.B. lê ook daarin dat hierdie beskuldigings op daadwerklike wyse weerlê moet word. Die A.S.B. bestaan egter nie net uit die Hoofbestuur of uit Kongresgangers nie, maar uit alle studente aan Afrikaanse hoër opvoedkundige inrigtings. Dit is die plig van elke Afrikanerstudent om erns met die A.S.B. te maak en sodoende 'n krag te word waarop die Hoofbestuur in die uitvoering van sy taak kan steun.

# — *Deur My Lens* —

SANLAM-GEBOU in Kaapstad is op die oomblik die hoogste gebou in Afrika. Na 'n lang stryd is Trustbank se tender om 'n 35-verdieping gebou in Kaapstad goedgekeur. In die Transvaal beplan die Provinsiale Administrasie 'n gebou van 45 verdiepings. Om alles te kroon word die planne toe van 'n 50 verdieping-woonstelgebou in Johannesburg onthul. Asof dit nie genoeg is nie, gaan 'n krieketveld bo-op 'n 14-verdieping Durbanse wolkekrabber opgerig word.

**VROUENS**

Rokke gaan volgens berigte uit Brittanje nog korter word. Vyf uit elke tien vrouens in Suid-Afrika gebruik kleurlint in hulle hare.

**VAKANSIE**

Mense moet nie dink dat hulle net eenvoudig nulle beginsels en kulturele pligte by die huis kan laat wanneer hulle met vakansie gaan nie, het adj. min. Botha onlangs op Amanzimtoti gesê.

**POLITIEK**

Die Kaapse Sinode van die Methodiste Kerk (grootste ledetal onder Bantoe-kerke in Suid-Afrika) het mosies aangeneem waarin geweld as middel om die landsbeleid te verander, afgekeur word; die Kommunistiese ideologie verwerp word; sy diepe besorgdheid uitgespreek word oor die groeiende totalitarisme in Suid-Afrika en voldoende grondwetlike middele vir alle bevolkingsgroepe om die wette en beleid van die land te formuleer, bepleit word. Die handelinge van die Kerk sal hom moet uitwys.

„Wat maak die boer hier?", het 'n BCP (opposisie)-lid aan 'n Volksblad-verslaggewer gevra tydens die Basoetoelandse parlementêre „onluste" oor die Suid-Afrikaanse graanskenking.

**S.A. STUDENT**

Opeenvolgend is die masopskrif van drie studentekoerante, die Pootjie, Die Wapad en die S.A. Student, en 'n nasionale koerant Die Burger, verander. Vir my is die S.A.-Student s'n die beste.

Het jy blonde hare en blou oë? Hou jy van visvang en is jy van plan om in die Noordsee te gaan vang? Bly liewer weg, anders gaan jy soos nooit tevore jeuk nie. Dis blykbaar al raad wat geneeshere kan gee aan blonde blou-oog vistermanne wat jaarliks in die Noordsee gaan visvang en dan verskriklik jeuk. As sy net verlief na 'n man kyk, slaan 'n Londonse tienderjarige tikster rooi knoppies uit. 'n Oordrewe bloos-allergie sê veleksperte. Amerikaanse vel-spesialiste het drie gevalle van allergie vir water gevind.

# In U Lig

**„En in die dag sal die nasies vra na die wortel van Isaï wat daar staan as 'n banier van die volke en sy rusplek sal heerlik wees."**

**— Jesaja 11 : 10.**

Ken u die woord en het u al u rusplek gevind?

Hoe het ook di eJoodse volk deur sy geskiedenis heen gesoek na 'n rusplek. In die dae van hulle lang tog deur die woestyn, was elke oase in die dorheid vir hulle 'n verkwikking met sy koel water en skaduryke bome. En tog het die volk telkens weer met verlange uitgesien na die een plek waar die volkome rus sou wees.

So het hulle ook in die verwagting geleef dat Kanaän vir hulle die één rusplek in hierdie wêreld sou word waar hulle vir altyd kon woon. Maar het Kanaän nie die land geword van die grootste afval en sonde nie. Het God dan nie self die heidense nasies gebruik as roede in sy hand om sy volk mee te tugtig nie? Uiteindelik is dan ook die ganse volk n ballingskap weggevoer en die koningshuis van Dawid is afgekap tot aan die wortel toe.

Dit was al wat van Kanaän as rusplek oorgebly het — oorlog, dood, gesinsverbreking en wegvoering na 'n vreemde land.

Sou u dit 'n rusplek noem?

Dan roep ons uit in die grootste wanhoop en jammering — is daar dan geen rusplek op hierdie aarde nie? Is daar dan geen plek waar die moë stryder sy hoof kan neerlê nie?

Waar kan jy jou oë toemaak en weet dat dit net heerlik is om mens te wees?

By die banier, by die kruis — daar is jou rusplek en dit is heerlik. In hierdie wêreld het Christus met sy arms uitgebrei gestaan en geroep: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee."

Is dit nie waarna u soek nie.

Is dit nie waarna u met u hele wese smag nie?

By Jesus is daar rus en aan sy voete is daar vrede. Dit is by die dorre kruis met sy doodskaduwee dat u alles vind waarna u soek.

Want nie lank na die kruisiging was die kruis leeg.

Nie lank na die begrafnis was die graf leeg.

Jou Verlosser leef!

Waar die vloekhout staan is daar nie meer 'n vloek nie. By die kruis is daar geen wanhopige onrus meer van 'n mens wat nie weet waar hy heengaan nie.

Maar dit is alles maar nog net 'n voorsmaak van die vredesryk wat eendag gaan kom as die Christus na die aarde terugkeer. Dan sal daar geen sonde meer wees om jou lewe te vertroebel of onrustig te maak nie.

Dan sal die rus volkome en heerlik wees, as jy gewas en gereinig in die bloed van jou Middelaar, onbesmet en onbevlek die koninkryk van die Hemele mag ingaan, in sy ewige heerlikheid.

**Tussen Ons Gesê**

## Wapad skryf brief aan lesers

GEAGTE LESER,

Die blanko spasie op die briewekolom word vandag aan alle Pukke en lesers van Die Wapad opgedra wat:

Kla dat hulle nie 'n platform het vanwaar hulle studentemenings kan uitspreek nie;

Voortdurend beloof om briewe te skryf en dit nooit doen nie;

Kostelike kritiek oor die foute en tekortkominge van Die Wapad lewer sonder om dit onder die Redaksie se aandag te bring;


Om die teekanne sit en tot laat in die nag argumenteer oor dinge waaroor hulle ongelukkig voel sonder om iets daaraan te doen;

Briewe onder skuilname skryf sonder om hulle eie name en adresse by te sit;

Op dergelike wyse gaan optree omdat hulle dink 'n onnodige klomp spasie is met die skrywe vermors.

Hoofredakteur — D.W.

# BAL MISGESLAAN




**Indien Nusas gedink het hulle besluit om Martin Luther King na Suid-Afrika te nooi is 'n seshoutjie vir studentepolitiek het hulle nie die uitsprake van die A.S.B. en die Federasie vir Konserwatiewe Studente in gedagte gehou nie.**

# STUDIUM UNIVERSALE WORD VOLWAARDIGE DEPARTEMENT

**Studium Universale, een van die onderskeidende vakke aan die P.U., is ingevolge 'n besluit van die Raad omskep in die nuwe Departement Etiek en Logika.**

Ds. W. J. de Klerk, van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord, is as professor in die Departement vanaf 1 Augustus benoem.

Studium Universale, voorheen Beginsel- en Metodeleer of Lewens- en Wêreldbeskouingsleer genoem, is 'n vak waarin die student in die besonder toegerus word met betrekking tot die Calvinistiese fundering van die wetenskapsbeoefening.

Tot dusver is die vak in die tweede studiejaar deur die Departement Wysbegeerte en in die derde jaar deur verskillende vakdosente behartig.

• • •



**DS. W. J. DE KLERK**
Foto: Fotokuns

# RABIE SE SESTIGERS IS VOORTREKKERS SONDER BYBELS

**„DIE SESTIGERS is Voortrekkers sonder Bybels," het mnr. Jan Rabie, bekende Afrikaanse skrywer, voor 'n veelrassige gehoor aan die Universiteit van Kaapstad op 8 Julie gesê.**

Mnr. Rabie het hierdie tussenwerpsel gemaak terwyl een van die studente besig was om hom na afloop van sy toespraak te bedank. Dié student, van die Rhodes-Universiteit, het verwys na die sestigers as ontdekkingsreisigers en navorsers.

Mnr. Rabie se praatjie het oor die Afrikaanse literatuur — veral die Sestigers gegaan en hy was telkens luid toegejuig.

Hy het gesê Afrikaans word deur sowat 3,800,000 mense gepraat en Engels in Suid-Afrika deur sowat 1,600,000. Die taal is 'n „veelrassige prestasie". Die blankes het geprobeer om Nederlands te behou, maar die taal van die nie-blanke volkere het uiteindelik geseëvier. „Afrikaans is die resultaat van die vermenging van rasse," het hy gesê.

## Uitbreiding wat studente raak?

Die Potchefstroomse Stadsraad het besluit om die plaaslike verkeersdepartement uit te brei. Die aantal verkeersinspekteurs word tot twaalf vermeerder.

# Gerugte oor opleiding die nek ingeslaan

**RIEMTELEGRAMME het verlede semester oor en weer geskiet toe 'n aantal Pukstudente van die „gevreesde" amptelike briewe van die Weermag ontvang het. Stories oor wie almal opgeroep kan word en wie nie, was volop.**

**Sommige van die Pukke wat groot planne vir die Desembervakansie in die mou gevoer het, moes met teleurstelling verneem dat hulle vir die tydperk moet gaan „voete stamp". Met selfversekerde glimlagte het hulle die spotters daarvan probeer oortuig dat hulle beurt ook kom. Laasgenoemde groep was weer net so seker dat die Weermag hulle „nooit" sal opspoor nie.**

### INGEGAAN

Nadat Die Wapad op die saak ingegaan het, het dit aan die lig gekom dat die Pukke nie onwillig is om die vredestydse opleiding te ondergaan nie, maar dat dit vir baie ongeleë is en dat toekomsplanne deur die opleiding onderbreek word.

Ten einde die saak vir alle Pukke duidelik te probeer kry (en ook vir die „grasasters"!!) het die sekretaris van die Vrystellingsraad goedgunstelik die volgende inligting aan Die Wapad vrygestel: .... .... .... ....

Alle manlike, blanke burgers van die Republiek van Suid-Afrika, tussen die ouderdomme van 16 en 65 jaar, is onderhewig aan militêre opleiding.

Persone aan wie kennis gegee is ingevolge DD1034 is algeheel vrygestel van militêre opleiding en nie langer aan loting onderworpe nie.

**(Dit is burgers wat by loting nie getrek is nie).**

Burgers is onderhewig aan opleiding tot hul 65ste jaar en kan wel na die ouderdom van 25 jaar daarvoor opgeroep word.

### NIE LANGER

Daar word geen voorsiening be-oog op die huidige tydstip om opleiding te verleng nie.

Werkgewers is nie verplig om hul werknemers gedurende 9 maande of 3 weke opleiding te betaal nie.

Indien 'n burger se naam nie vir militêre opleiding geloot is nie en hy vrywilliglik by 'n burgermageenheid aangesluit het, moet hy nog sy nege maande ononderbroke opleiding meemaak aangesien sy indeling ook deur hierdie kantoor op dieselfde grondslag wat op gelote burgers van toepassing is, bewerkstellig word.

### BELEID

Dit is die beleid van die Raad dat burgers wie se name geloot word, eers die aanvanklike nege maande ononderbroke burgermagopleiding gedurende die jaar na skoolverlating moet meemaak alvorens hulle met hul universiteitsopleiding begin. In gevalle waar 'n burger by 'n universiteit vir verdere studies ingeskryf het alvorens hy geloot is of voordat hy militêre oproepinstruksies ontvang het, staan dit hom vry om die Vrystellingsraad te nader vir uitstel van sy militêre opleiding op 'n jaar tot jaar grondslag totdat hy sy universiteitstudies voltooi het of sodanige studies staak.

Slegs teologiesestudente kan uitstel en uiteindelike vrystelling van militêre opleiding kry.

## ASPU IN NUWE VORM GEGIET

Die Afrikaanse Studentepersunie sal in die toekoms fungeer as 'n departement van die A.S.B. Die besluit is op die onlangse konferensie van Aspu bekragtig nadat die hoofbesture van die twee liggame in Junie so 'n besluit aangeneem het.

'n Voorgestelde reglement vir die nuwe indeling is reeds deur die bestuur van Aspu opgestel en sal na verneem word binnekort aan Afrikaanse studentekoerantredaksies gestuur word vir kommentaar.

Die voorsitter van Aspu sal in die toekoms ook optree as direkteur van publikasies van die A.S.B.-Hoofbestuur, na goedkeuring deur die kongres.

Mnre. Arrie de Beer en Danie van Wyk (beide van die P.U.) is onderskeidelik as voorsitter en onder-voorsitter van die nuwe liggaam verkies. Die ander lede is mnre. Louis Claasen (Stell.) sekretaris, Koos Bezuidenhout (U.P.) en Faan Schoeman (U.O.V.S.), addisionele-lede.

## Professor tans in Europa

Prof. D. W. Kruger, hoof van die Departement Geskiedenis van die P.U. het op 6 Julie na Europa vertrek. Hy sal navorsing in London doen en daarna die Internasionale Historiese Kongres te Wene bywoon.

## Meester van dié kuns?



**Drie eerstejaars aan die oefen!! Maatsie Buys en Douw Steyn kyk belangstellend toe terwyl Piet Ferreira 'n demonstrasie lewer van hoe so 'n paar stewels nou eintlik skoongemaak moet word.**





Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig.

VRFA134

# MOBIELE STUDENTE IS LUI VENTE MET VEEL SENTE

**PROF. A. P. Malan van die Vrystaat is van mening dat die hoë druipsyfer onder eerstejaars toegeskryf moet word aan die feit dat ouers motors en te veel sakgeld aan hulle kinders gee.**

Hier op die Puk is die motors deesdae ook in gedrang want die ouens sien glo die spoedbeperking van vyftien m.p.u. aan vir iets in die omgewing van honderd en vyftien, en die doserende personeel op die kampus word glo glad nie deur die wilde bestuurders in ag geneem nie.

**VREESBEVANGE**

Die arme mense wat alles feil het vir die opleiding van studente, is nou nie meer hulle lewens seker nie en hulle moet gedurig vreesbevange op die uitkyk wees vir een of ander student wat met een of ander motor-gevaarte om een of ander hoek of draai.

Of Prof. Malan se antagonisme teen die motors ook aan dergelike ondervindinge toegeskryf moet word, weet mens nou nie, want daar is nog die kwessie van die eerstejaars se doppery.

Op die Puk is dit egter moeilik vir 'n eerstejaar om 'n motor aan te hou omdat hulle nie aan die ouderdoms- en ander voorwaardes voldoen nie. Hierdie feit moet inderdaad vir die oorlewende personeel stof tot dankbaarheid wees.




**Een van die mooi dae begin die bome bot. Dit is gewoonlik 'n teken dat menige studente se lot dan beklink is hetsy deur die naderende eksamen of deur hernude sleepaktiwiteite. 'n Aangename verposing wag in elke geval vir die wat in die bekende kafee op die hoek met sy nuwe binneversiering gaan lafenis soek.**


ADVERTENSIE

# FONDS VIR RAAD TEEN KOMMUNISME


Na afloop van die Volkskongres oor Kommunisme verlede jaar in Pretoria het die Nasionale Raad teen Kommunisme tot stand gekom ten einde op konkrete wyse die vloedgolf van Kommunisme in Suid-Afrika te probeer stuit.

Die Raad het in die afgelope jaar kragdadiglik aan sy taak gearbei en kon in sy eerste verslag op positiewe stappe dui.

Vir die taak in die volgende tydperk word 'n bedrag van R50,000 benodig. Vir die doel het De Wapad die donasievorm laat afdruk wat Pukke direk aan die adres, soos aangegee, kan stuur.

Hierdie is 'n volksaak wat die steun van elke Puk verdien.


# Verlief Verloof Verlore?



DAGSê aan al die slepers,

Ek weet nie so mooi reg nie, maar dis mos al vir my of die vakansies al korter en korter word. As die heer A. G. Visser sy blik in die toekoms laat dwaal het, sou sy woorde sonder twyfel gewees het:

Dit word alles korter, liewe land,

Die vakansies, die dae . . . die verstand!

Ja helaas: na die welverdiende en welaangename reses, wil dit mos al vir 'n mens lyk of jy die draad êrens verloor het.

**TOERKYS**

Gelukkig darem dat die Thalia en Alabama-toerlede so op 'n mens afgestorm het. Dit was glo voorspoedige toere . . . ek bedoel nou hulle het geeneen 'n noemenswaardige letsel opgedoen nie, behalwe Dirk Laufs en Ronel Coetzee wat so hard geval het, (vir mekaar natuurlik, nie van die trein af nie). Hulle kys is die enigste tasbare bewys van die Thalia-toer wat ek kon opspoor, maar miskien het ek net nie op die regte plekke gesoek nie, en dan: ek sal mos nooit alles weet nie . . .

**Die Alabama-toer was meer vrugbaar as ek die dinge so beskou, want Santie de Bruyn en Johan van Rensburg toer nog gereeld saam. En dan is daar ook nog die geval Nel — Coetzee. Ja, Coenie dra deesdae vir Hester net „jellybeans" aan.**

Margie Raath en Gideon Griffioen ly ook nog aan 'n „toerkompleks".

**VERLOOF**

Die vakansie was darem blykbaar lank genoeg vir baie mense om 'n verloofring te gaan uitsoek:

Dit het vir Chris du Plessis glo nie te lank geneem om die sake met Adri Minnaar klaar te speel nie, en toe Attie hoor hoe kort die vakansie is, het hy ook maar vinnig die ring aan Christa Mulder se vinger gesteek.

Dan is daar nog twee pare wat betyds wou wees vir ons volgende uitgawe: Cecilia Vorster en Das Schoeman en ook Salome Roach en Louis Pienaar. Aan hierdie vier pare ons hartlikste gelukwensing. Mens kan seker nie vir hulle sê: „Mag daar nog baie wees" nie, nè?

'n Lig het nou skielik vir my opgegaan: Erna Cloete sê sy's verlief. Is dit daarom dat die Wellaton- pille geen nadelige gevolg gehad het nie, Erna?

Lekker sleep,

Kaaikie Kekkelbek.

# Stootwaentjies moet betaal

Stootwaentjies en driewiele moet nou in Germiston parkeergeld betaal. En dan praat sommige mense nog van die „eeu van die kind."

Mens het nog skaars jou oë in die wêreld oopgemaak of jy moet al vir 'n staanplekkie betaal. Al dat die ou wêreld, (of kom ons sê liewers die wêreld se parkeermeters) mens nou so moet verwelkom.

Aan die anderkant egter is mens nog skaars gebore of jy moet al ry, miskien moet die stootwaentjies en die driewiele se base dan maar betaal vir die kere wat die stad besoek word.

# *Sien — so word dit gedoen*



**Juliemaand en Desembermaand het skynbaar vir 'n klompie Pukke omgeruil. Die gelukkige paartjie op die foto is maar een van die talle Pukke wat nie kans gesien het om die lang wintervakansie op hulle eentjie deur te kom nie. Baie geluk aan mnr. en mev. Chris Vermaak. Die stralende enetjie regs was voorheen mej. Irene Stavast.**

Foto: Fotokuns


Aan: Die Wapad- P.U. vir C.H.O.

***Nasionale Raad teen Kommunisme***

Posbus 23200,
JOHANNESBURG.

## DONASIE

In antwoord op u spesiale oproep dra ek graag hiermee die bedrag van R..............................

(..............................................................................................................)
by tot u fondse vir die verwesenliking van u doelstellings.

NAAM (Drukletters) ..............................................................................

Adres: ......................................................................................................

......................................................................................................

- (Skenkers wat R10 of meer bydra sal 'n gratis eksemplaar van die boek met referate wat by die Internasionale Simposium oor Kommunisme gelewer sal word ontvang).

6/65—V.B.—63631

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

# TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# Aan die Sportfront

deur SPREILIG

NOUDAT die Springbokke so op 'n streep verloor in die buiteland voel 'n mens se hart soms seer, veral vroeg in die oggende so by 5.30 se kant as die Wellington-wedstryde afgehandel is.

Dit is egter so deur die dag dat jou hart weer lekker klop as jy na die prestasies van die Puk se sportlui kyk. Of dit nou die Judo is of die Sokkermense, om nie eens van die Rugbyklub te praat nie, dan besef 'n mens dat daar nog 'n handjievol mense is wat hulle bes probeer, en vir hulle wil ek net sê dat dit mooi is en goed is maar wanneer dit die dag nie so goed gaan nie dan moet ons nie wegloop nie, maar vasbyt. Nietemin baie sterkte en voorspoed vir die res van die seisoen en ook met die komende Intervarsity, van Spreilig se kant.

**„OKASIE"**

Ek het so flussies gespreek oor Intervarsity, daardie groot „okasie" elke jaar met die Kat aanhangers van Bloemfontein. Tog voel ek dat vanjaar die jaar is wat hulle snorbaarde tot die uiterse gepluk gaan word op elke gebied van ons sportsamelewing hier op en om die Kampus.

Hoewel die ander sportsoorte baie belangrik is bly koning rugby nog die hoofdis en bepalende faktor. Indien laasweek se vertoning 'n teken is van wat nog gaan kom, toe die Rugbyklub vriend en vyand verras het met hulle pragspel teen die sterkspan van Potch-Dorp, dan gaan die hare beslis kort voor lank waai. Ek hoop net die rugbyspelers bou voort op die mooi „wakkerskrik".

Voor ek afsluit nog net een kort gedagte, naamlik die koms van mnr. Piet Malan na die P.U. vir C.H.O. Mnr. Malan wat 'n bekende oud-Rugbyspringbok is, en veral groot welslae behaal het met sy afrigtingswerk, sal 'n groot aanwins wees vir die Puk se sport en die massa kan dankie sê aan ons owerhede met die positiewe stap wat hulle geneem het ter bevordering van sport aan die P.U..

Tot net voor die Intervarsity sê ek dan totsiens en oefen lekker, Groete,

Spreilig.



DEWALD STEYN

# Pukke speel Potch-dorp lam in aanskoulike wedstryd

**IN EEN VAN die aanskoulikste wedstryde wat die eerstespan nog die seisoen gespeel het, het hulle daarin geslaag om Potch-Dorp Saterdag met 38 — 15 te oorrompel.**

Die telling is 'n baie getroue weergawe van ie dag se spel. Die basis vir die oorwinning is gelê deur die voorspelers van die Puk wat laas elke fout van die teenstanders uitgebuit het en onmiddellik munt uit elke beweging geslaan het.

**OORWINNING**

Met die groot oorwinning het daar weer iets van die ou vorm deurgeskemer. Daar sal egter nog baie hard gewerk moet word voordat die Intervarsity aanbreek en 'n hele paar skaafplekkies sal moet reggestel word.

Dit was veral die agterlyn wat verlede Saterdag 'n gebrek aan slaankrag en deurdringingsvermoë openbaar het. Veral senters Kruger en Du Plooy sal hulle hantering moet opknap en Koos du Plooy is duidelik nie tuis op losskakel nie. Dit was egter 'n riem onder die hart om die agterspelers weer so te sien verdedig. Schalk Hoogenboezem het bestendige spel gelewer, dog hy het telkens die bal laat grondvat voordat hy dit probeer vang het, iets wat die Pukke se teenstanders baie punte kan besorg.

**JUNIORS**

Die tweedespan het daarin geslaag om nog een van hulle vele oorwinnings hierdie seisoen te behaal deur die dorpspan met 9-6 te klop. Dit was veral die voorspelers van Navy wat die grondslag vir hulle oorwinning gelê het. Die agterlyn het by tye konstruktief gespeel, dog slaankrag was daar nie. Die blitsige Johan Fourie op linkervleuel het ongelukkig baie min van die bal te sien gekry. Indien hierdie speler op die huidige trant voortgaan kan hy nie langer uit die eerstespan gehou word nie.

Uitblinkers was Roelf du Plessis, Bossie Muller en veral Pieter Markham wat telkens die oog gevang het. Bertie Fourie was die enigste speler in die agterlyn wat 'n uitmuntende wedstryd gespeel het.

Die derdespan van die Puk wat tot dusver die seisoen goeie vertonings gelewer het, het weer amok gemaak en met 31 — 5 gewen. Hoewel daar 'n groot deel van die wedstryd met net ses voorspelers gespeel is, nadat Doubel en Bruwer beseer is, het Koos Grobler een bal na die ander gehaak van af die vasskopkant en kon die haastige agterlyn lekker baljaar.

# Dewald Steyn skitter in Universitêre landloop

**Tydens die afgelope Inter-Universitêre landloop toernooi het Dewald Steyn van die P.U. vir 'n groot verrassing gesorg toe hy vyfde by die wenpaal aangekom het. Hiermee het Dewald die eerste Puk geword om Protea-Kleure vir Landloop te verwerf.**

Verlede jaar was Leendert Snyman ongelukkig om nie kleure te kry nadat hy sesde plek behaal het nie. Vanweë ontrekkings het Dewald as no. 3 vir die Universiteite gehardloop en in hul kompetisie teen 'n span van die O.V.S. het hy weer vyfde geëindig.

'n Ander Puk atleet wat goed presteer het, is George Mulder. Met 'n bietjie meer ervaring behoort hy aanstaande jaar 'n sterk aanspraakmaker vir die Proteaspan te wees.

Die Puk span, wat ook die wenners is van die Wes-Transvaalse landloop-liga, behoort goed te doen wanneer die Intervarsitie oor drie weke plaasvind.

# Pukke verloor teen Natal Duikers in goeie wedstryd

**IN 'n pragwedstryd op Kingsmaed Durban het die provinsiale O/23 span van Natal daarin geslaag om die Pukke met 37 — 12 te oorrompel.**

Die Pukke het nietemin pragtig gespeel en was ook vir die laaste punte in die vorm van 'n mooi drie verantwoordelik.

Dit het duidelik geblyk dat die Duikers wat oor vyf voormalige Natalspelers beskik het, die hef in die hande gehad het.

Uitblinkers in die Puk span was onder andere Schalk Hoogenboezem wat met 'n prag strafskop geslaag het en Ubert Joubert, die inkervleuel van die Pukke.

Punte is aangeteken deur W. Scott en I. Joubert (een drie elk) terwyl D. du Plooy en Hoogenboezem elk met 'n skepskop en 'n strafskop geslaag het.



**Drie dametjies van die Puk wat vir hulle 'n plek in die Wes-Transvaalkorfbalspan oopgespeel het. V.l.n.r. verskyn mejj. C. Hattingh, L. Human, en J. Wissing.** *Foto: Fotokuns*




*Dit is die snit wat tel . . .*
- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

**CASTLE LAGER**
Geniet dit koud!




Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op
Grant 5933 2A

# Puk Judomanne Kwyt Hulle Goed Van Taak

**VANAF 28 Junie tot 2 Julie het twee spanne van die Puk aan die S.A.U. Judokampioenskappe deelgeneem. Hulle het besonder goed presteer. Die A-span het slegs teen Pretoria en Stellenbosch onderskeidelik 7 — 0 en 2 — 1½ verloor. Hoewel die Pukke nie heelbo uitgekom het nie toon dit tog dat hulle steeds van krag tot krag gaan, soos hulle derdeplek getuig.**

'n Oorwinning oor die Kovsies was op hierdie byeenkoms 'n groot triomf vir die Pukmanne aangesien hulle die vorige twee Intervarsities die knie moes buig teen die manne van Bloemfontein.

**LEN GOODCHILD**

Dit was die vyfde keer dat die P.U. aan die kampioenskap deelgeneem het en al vyf gevegte vir die S.A.U.-B-span is geveg. Die manne wat hier die pyp gerook het was André Greeff — 2 keer, Willie van Aarde — 2 keer en Len Goodchild eenkeer.

Goodshild wat vanjaar die S.A.U.-Bspan gehaal het verdien spesiale vermelding. Hy het net een geveg verloor en daarby sy span se meeste punte aangeteken. In sy geveg wat gevolg het, het hy dan ook afgereken met sy W.P. teenstander.

Ponna Kruger was goud werd vir sy span. Hierdie lid van die span het nie een van sy gevegte verloor nie.

Chris Jordaan het die beste judo van sy loopbaan gelewer en uitmuntend gevaar teen judokas met hoër graderings. Steve van der Walt het knap vertoon teen die S.A. kampioen Strydom, terwyl Willie van Aarde in die individuele kampioenskappe beter gevaar het as in die spangevegte. Hy het ook in eersgenoemde deurgedring tot in die eindronde waar hy deur die S.A. swaargewigkampioen Docey geklop is met een punt.

**B-SPAN VAAR BAIE GOED**

Die span het slegs teen Stellenbosch met 4 — 0 verloor en hier moet veral Maartin Roode uitgesonder word. Ander uitblinkers in die span was Thys Lourens en Andries de Jager terwyl Frik Marais en Albert Williams, wat vir die eerste keer deelgeneem het, hulle baie goed van hulle taak gekwyt het.



Die sokkerspan van die P.U. wat in Julie aan die inter-universitêre sokkertoernooi deelgeneem het. In die voorste ry, tweede van links na regs sit, Johan van Wyk (kaptein), sers-maj. Naude (Raadsverteenwoordiger en bestuurder) en Piet van Vuuren (onder-kaptein.) Foto: Fotokuns

# Tenniskampioenskappe lewer verrassings op

**Die P.U. - Tenniskampioenskappe lewer vanjaar verskeie verrassings op.**

In die dames-afdeling moes verlede jaar se kampioene, Leen Dreyer, die knie buig voor 'n nuweling op die Puk, Stella Venter. Stella het redelik maklik gewen met 6 — 1, 6 — 3. Sy speel in die finaal teen die wenner tussen Louisa Joubert en Susan Aucamp. Dit sal geensins verbaas as die finaal vanjaar afgespeel word tussen twee eerstejaars nie.

Wat die mans betref, verloop sake nog volgens verwagting en hier behoort twee interessante botsings plaas te vind tussen Dawie Smith teen Pieter van der Walt aan die een kant, en Piet Miehell teen Theo Malan aan die ander kant. Indien Dawie en Theo daarin sou slaag om hulle wedstryde te wen sal dit die derde agtereenvolgende jaar wees dat die twee spelers mekaar in die finaal ontmoet.

In 'n vriendskaplike wedstryd teen 'n Suid-Transvaalse juniorspan het die Puk-mans uitstekend gevaar, maar die Puk-dames was nie opgewasse teen die jeugdige Suid-Transvalers nie.

In die volgende paar weke wag 'n strawwe program op die Pukke en teen 20 Augustus behoort die tennisspelers hul hoogtepunt vir die Intervarsitykragmeting teen Ukovs te bereik.

## Wes-Transvaalse Judo-kampioene

Die Pukke het vir die derde agtereenvolgende keer die kampioenspan in Wes-Transvaal geword. Sodoende het hulle die Joep Joubert wisseltrofee steeds in die midde gehou.

In die afgelope jaar het die Pukke nie een ligabotsing verloor nie. Ook is etlike Wes-Transvaalse kampioene opgelewer in die persone van M. Roode, O/132 lb. afdeling; Steve van der Walt 0/147 lb afdeling; Len Goodchild O/165 lb. afdeling terwyl Willie van Aarde vir Piet van Wyk van Strathvaal geklop het om die ope-kampioen in Wes-Transvaal te word.

Die matmanne van die Puk is die ene vuur en vlam en daar word baie uitgesien na die Intervarsity in Augustus wanneer hulle nog 'n oorwinning kan behaal.

# SOKKERKLUB LEER BAIE TYDENS TOERNOOI

**Danksy goeie prestasies het die Sokkerklub vanjaar vir die eerste maal aan die Inter-Universitêre Sokkerkampioenskappe in Kaapstad deelgeneem. Die Pukke het met eer uit die stryd getree hoewel daar groot tellings teen hulle opgestapel is.**

Speel toestande was egter van so 'n gehalte dat die wedstryd teen die Ikeys twintig minute voor die einde gestaak moes word. Op daardie stadium was die Ikeys slegs twee—nul voor.

Die toerspan het 'n verdere slag gely toe hulle sonder vier van hulle gereeelde eerstespanspelers moes klaarkom.

Die Juniors wat meegedoen het aan die toer as plaasvervangers het egter waardevolle ondervinding opgedoen wat 'n groot aanwins vir die klub kan wees in die komende seisoen.

Die uitslae was soos volg; Verloor 9 — 1 teen Kaapstad en Wits, 6 — 0 teen Stellenbosch, Natal en Pretoria.

Uitblinker op die Toernooi was manne soos Chris Coetzer wat groot bewondering van sy teenstanders afgedwing het met sy verdediging in die doele. Kaapse koerantmanne was dan ook baie beïndruk met die puik doelwagter van die Puk.

**SPANGEES**

Die belangrikste van die Sokkertoernooi was egter die spangees wat daar geheers het en te midde van talle probleme en moeilikhede het die manne dit op die regte grondslag aangepak.

**INTERVARSITY**

● Van Ukovs is verneem dat hulle met drie sokkerspanne die Intervarsity wil kom wen. Of dit maklik sal gaan met die Bloemfonteiners is egter nie vanselfsprekend nie, want die Puk se Sokkermanne verbeter by die dag en behoort hulle goed van hulle taak te kwyt.



**Judo aan die P.U. beleef tans een van sy beste jare. Lede van die P.U. Judokas het hulle nie net goed van hulle taak op die inter-universitêre toernooi gekyt nie, maar ook op die Wes-Transvaalse kampioenskappe. Die vyf Pukke is almal Wes-Transvaalse kampioene V.l.n.r. verskyn Martin Roode, Len Goodchild, Steve van der Walt, Willie van Aarde en Christ Jordaan.** Foto: Fotokuns

U koop graag
**VEKA**
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
**Mans- en Sportuitrusters**

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



**Paradise Restaurant**
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171